




Skilpad soek sy huis

Hierdie boek behoort aan



Stuur asb. 'n foto van die kind waar hy of sy die boek só op hierdie blad oophou na
pic@bookdash.org of deel dit op sosiale media met #bookdash









Skilpad soek sy huis

Geïllustreer deur Katrien Coetzer

Geskryf deur Maya Fowler

Ontwerp deur Damian Gibbs

met die hulp van die Book Dash-deelnemers in Kaapstad op 28 Junie 2014.

ISBN: 978-0-9922358-1-9

Hierdie werk is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>). Jy mag hierdie werk uitdeel (m.a.w. die materiaal kopieer en in enige medium of formaat versprei) en aanpas ("remix", herskryf of uitbou). Jy mag dit om enige doeleindes doen, selfs kommersieel. Die lisensiegewer kan dié vryheid nie van jou weerhou nie, mits jy die volgende lisensiebepalings nakom:

Erkenning: Jy moet die toepaslike erkennings gee, 'n skakel na die lisensie verskaf en aandui waar veranderinge gemaak is. Jy mag dit op enige redelik manier doen, maar nie op enige wyse wat die indruk skep dat die lisensiegewer jou of jou gebruik van die materiaal onderskryf nie.

Geen bykomende beperkings: Jy mag geen wetlike bepalinge byvoeg of tegnologiese maatreëls neem om ander daarvan te weerhou om enigiets te doen wat die lisensie toelaat nie.

Kennisgewings: Jy hoef nie die lisensie in ag te neem in gevalle waar materiaal in die openbare domein val nie, of waar jou gebruik deur 'n toepaslike uitsondering of beperking veroorloof word nie.

Geen waarborge word gegee nie. Die lisensie gee jou nie noodwendig volledige toestemming vir jou beoogte gebruik nie. Ander regte, soos byvoorbeeld reklame, privaatheid of morele regte beperk hoe jy die materiaal kan gebruik.





Skilpad

soek sy huis





Skilpad loop een dag deur die veld.
Hy soek en soek.

Ná 'n ruk loop hy verby Slak.





“Jy lyk of jy iets soek,” sê Slak vir Skilpad.

“Ja Slak, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?”





Slak sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Sy klim bo-op Skilpad se dop. Skilpad loop verder met Slak wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie. Die son is hoog in die lug.









“Jy lyk of jy iets soek,” sê Mossie vir Skilpad.

“Ja Mossie, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?”

Mossie sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”





Hy klap sy vlerkies. Woerts is hy weg.

“Maar jy beweeg te vinnig vir my,” roep Skilpad.

Mossie kom terug. “Nou goed, dan klim ek op.”

Skilpad loop verder, met Slak en Mossie wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie. Die son sak 'n bietjie.








Ná 'n ruk loop hulle verby Liewenheersbesie.

“Jy lyk of jy iets soek,” sê Liewenheersbesie vir Skilpad.

“Ja Liewenheersbesie, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?”









Liewenheersbesie sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Sy klim bo-op Skilpad se dop, en Skilpad loop verder, met Slak en Mossie en Liewenheersbesie wat bo-op ry. Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat huis is nie. ’n Briesie steek op.



Ná 'n ruk loop hulle verby Streepmuis. Hy is besig om 'n blommekransie te vleg.

“Jy lyk of jy iets soek,” sê Streepmuis vir Skilpad.

“Ja Streepmuis, ek soek my huis. Weet jy dalk waar ek hom kan kry?”







Streepmuis sê: “Nee, ek weet nie, maar ek sal help soek!”

Hy klim bo-op Skilpad se dop. “Wag, ek kan nie my madeliefies los nie.” Skilpad wag. Streepmuis rek en strek en skep sy kransie op.






Skilpad loop verder, met Slak en Mossie en
Liewenheersbesie en Streepmuis wat bo-op ry.
Hulle kyk en hulle soek, maar hulle sien niks wat
huis is nie. Die wind raak 'n bietjie sterker.
Later is Skilpad moeg. “Julle ouens is swaar,” kla hy.







Die wind waai sterker. Die lug word donker.
“Ag, waar is my huis?” vra Skilpad hartseer.
In die berge rammel donderweer. In die verte
klap die blits. Drup-drup kom die reën.
“Ag, waar is Skilpad se huis?” vra Slak en
Mossie en Liewenheersbesie en Streepmuis.




Die wind waai sterk en die wind waai
sterker. Die wind blaas Slak en Mossie
en Liewenheersbesie en Streepmuis
van Skilpad se rug af.







En daar kom die hael, tip-tip-tip.
Skilpad skrik so groot, hy kruip in
sy dop. Dis warm en veilig daar.
“O, hier is my huis!”





“O, hier is Skilpad se huis!”







